Bib 49/85

CPD 463/84

<u>CHRISTOPHER ANDREWS</u> APPELLANT

en

<u>DIE STAAT</u> RESPONDENT

<u>HEFER</u>, A R.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen

CHRISTOPHER ANDREWS ... APPELLANT

en

DIE STAAT .......... RESPONDENT

CORAM : TRENGOVE, HEFER, ARR, et NICHOLAS, Wrn AR.

AANGEHOOR : 13 MEI 1985.

GELEWER : 23 MEI 1985.

---

U I T S P R A A K

HEFER, AR :

Die appellant is skuldig bevind in die

hof.......2

hof *a quo* aan moord (klagte 2) en op drie klagtes van roof (klagtes 1,4 en 5). Op klagte 1 het die verhoorhof bevind dat hy ene Buchanan op 30 Julie 1983 in Claremont van sekere besittings beroof het; op klagte 2 dat hy ene Herrer op 7 Augustus 1983 in Rondebosch vermoor het en dat hy op dieselfde datum en plek die oorledene (klagte 5) en ene Coote (klagte 4) van sekere besittings beroof het. Wat die moordklag betref, is bevind dat daar geen versagtende omstandighede was nie en die doodvonnis is gevolglik opgelê . Dieselfde vonnis is ook opgelê op klagte 4 ,en op klagte 1 en 5 is die appellant onderskeidelik tot 7 en tot 20 jaar gevangenisstraf veroordeel. Met die nodige verlof kom hy nou in hoër beroep

teen die skuldigbevindings en vonnisse.

In 'n saak soos dié waarin geen beginsel of die toepassing daarvan in gedrang is nie en dit bloot gaan oor die vraag of die verhoorhof tot die korrekte feitelike slotsom gekom het, vind ek dit onnodig om 'n uiteensetting van die getuienis te gee te meer daar appellant se advokaat ons na geen opsig verwys het waarin die verhoorregter se uiteensetting wesenlik verkeerd is nie. Ek vind dit ook nie nodig om die (in menigte opsigte onsmaaklike) getuienis breedvoerig te bespreek nie.

Betreffende die skuldigbevindings is die enigste vraag of appellant se advokaat daarin geslaag het om hierdie hof te oortuig dat die verhoorhof tot 'n

verkeerde gevolgtrekking gekom het. Myns insiens het hy nie. Wat klagte 1 betref, het appellant se advokaat toegegee dat appellant se getuienis aangaande sy besit van Buchanan se pistool tereg verwerp is. Hy het ook toegegee dat daar geen verduideliking is vir die besering wat Buchanan opgedoen het en vir die feit dat sy beursie die dag na die voorval in sy buurman se tuin gevind is, behalwe dié wat deur Buchanan self verskaf is nie. Daardie feite verleen sterk steun aan Buchanan se weergawe van die gebeure. Origens is die rede waarom Buchanan, volgens appellant se advokaat, die waarheid sou verberg deeglik deur die verhoorhof oorweeg en verwerp, en ek het geen rede om van die verhoorhof te verskil nie. Die

betoog dat die gebeure in die oorledene en Coote se huis in Rondebosch beoordeel moet word aan die hand van appellant se getuienis gaan ook nie op nie. Weereens is ek nie van voorneme om appellant se getuienis in besonderhede te bespreek nie. Dit is deurspek met volslae onwaarskynlikhede en opsigtelike leuens en die verhoorhof het dit tereg verwerp. En hoewel die Staat se saak in hierdie opsig hoofsaaklik op omstandigheidsgetuienis berus, is ek hoegenaamd nie oortuig dat die verhoorhof se gevolgtrekkings in enige wesenlike opsig nie korrek is nie. Die appèl teen die skuldigbevinding kan dus nie slaag nie.

Wat betref die bevinding dat die moord

nie met versagtende omstandighede gepaard gegaan het nie, beïndruk die faktore waarop appellant se advokaat staatgemaak het as versagting, my geensins nie. Nie alleen is daar geen feitebasis daarvoor in die getuienis nie maar, selfs al sou daar so 'n basis gewees het, word appellant se morele skuld nie daardeur geraak nie.

En, ten slotte, wat die vonnisse op die ander klagtes betref, kan ek slegs opmerk dat appellant se advokaat niks gesê het wat my oortuig het dat die geleerde verhoorregter sy diskresie nie behoorlik uitgeoefen het nie.

Die appèl word derhalwe afgewys.

J J F HEFER, AR.

TRENGOVE, AR. )
NICHOLAS, Wrn AR. ) STEM SAAM.